5 Desember **Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:16-18**

Die onsigbare werklikheid

Daar is twee kante van die werklikheid: die sigbare en die onsigbare kant. Van nature kan ‘n mens net die sigbare werklikheid raaksien. Die onsigbare werklikheid is vir ons verborge, tensy God dit vir ons openbaar maak. Mense wat nie God se openbaring ken nie, bly egter by die sigbare, uiterlike dinge vassteek. Hulle dink dat dit al werklikheid is wat bestaan. Wanneer daardie uiterlike werklikheid egter agteruitgaan, stort hulle hele wêreld in duie.

Ons wat God se openbaring ontvang het, se oë is nie op die sigbare dinge gevestig nie, maar op die onsigbare, skryf Paulus in vers 18. Daarom is die uiterlike dinge soos kos, klere, ons werk en ons huis – belangrik soos dit is – nie vir ons die een en al van ons lewe nie. Inteendeel, ons besef dat dié dinge maar net tydelik is. In die geloof leer ons nuut dink: ons leer om ons hoop te vestig op die dinge wat ons nie kan sien nie (Hebreërs 11:1).

Daarom gee ons wat glo nie moed op nie, selfs al gaan die uiterlike dinge om ons tot niet (vers 16). Ons sien verder, wyer, en kyk hoër, verby die sigbare, verby die tydelike. Ons sien God raak. In die geloofsoog sien ons sy troon wat vas en onwankelbaar en ewig bo alles staan. Hy regeer en beheer alles. Hy stuur en lei ons lewe tot by ons bestemming: ‘n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly (vers 17).

Sing: Skrifberyming 8:1 Prof GJC Jordaan (Potchefstroom)